# Regte en verantwoordelikhede

**Dr. Petrus Moolman**
**In Covid-19 afsondering, Julie 2020**

In 1959 was daar nog nie diensplig nie. Daar was wel ’n jaarlikse loting vir kommando-opleiding en -ontplooiing. Toe ontvang ek ’n brief van die SA Weermag. Ek is nie geloot nie. Ek was dankbaar, want ek wou baie graag die volgende jaar na die Lugmaggimnasium toe gaan. Dié jaar ontvang ek weer ’n brief, dié keer van die Lugmaggimnasium. Ek was gekeur. Jy was baie gelukkig om uit die duisende aansoeke gekeur te word.

1960 was ’n besondere jaar. Sharpeville. Landwye noodtoestand. Cottesloe. Die laaste Uniefees. Ons het lesings ontvang en moes selfs eksamen skryf in vakke, genoem Burger*pligte* en Burger*regte.* Interessant dat ek veral die burgerlike pligte onthou. Dit is by ons ingedril. Die burgerlike regte het klaarblyklik nie baie indruk gemaak nie. ’n Jaar of twee later is ons tweedejaarsklas by die Militêre Akademie by geleentheid deur ’n dosent uitgedaag: Wat sou jy verkies – verlies van jou stemreg, of kwytskelding van belasting? Die algemene reaksie het die dosent sigbaar geskok. Almal het verkies om nie belasting te betaal nie! Die stemreg kon maar bly. Ons was in beheer.

In dieselfde tydgleuf het manne soos Nelson Mandela begin om lewenslange gevangenisstraf uit te dien in hulle stryd ter wille van die basiese burgerreg: stemreg! Mense van dié geslagte was bereid om hulle lewe daarvoor te gee. Wat vir hulle ’n reg was, het vir hulle ’n plig geword om voor te veg. Deur die jare het die klem egter driftig begin verskuif van pligte na regte.

Vryheidstryders het ondertussen regering geword. Die mag het verskuif. Ons – die geslagte van toe – het daaraan gewoond geraak. Ons is dankbaar vir ’n grondwet wat regte verskans, waarby ons ook baat vind. Ons eis dikwels selfs ons regte op. En as ons weer moet kies tussen belastingopheffing en stemreg, kies ons beslis die kruisie! In een leeftyd kan die pendulum eenhonderd persent swaai. Vandag is dit ons wat weer vra: Wat van pligte én verantwoordelikhede?

Alle mense het verantwoordelikhede. Niemand kan net regte opeis nie. As ek van "ons" praat, verwys ek na ons as gelowiges. Alle gelowiges, van alle kante. Gelowiges het baie spesifieke verantwoordelikhede.

Dit is nie net die geslagte van die sestigers wat verskil oor regte en pligte nie. Toe dit vir die een 'n reg was, was dit vir die ander 'n plig om dié verwagtings met hand en tand te beveg. Selfs al kos dit wat. By God bestaan geen twyfel oor wat ons vir onsself mag toe-eien nie. Dit is nie 'n reg in ons gewone verstaan van die woord nie, maar 'n onbegryplike voor-REG dat God ons so lief gehad het dat Hy bereid was om teen alle menslike logika in, Homself vir ons te kom gee. Vir Hom is dit gewoon vanselfsprekend dat ons dáárom in gehoorsaamheid alles sal lééf wat Hy as die vrug van die herstelde lewe beskou. Dit is die vrug van die Gees, wat alles kom nuut maak, sodat ons, die nuutgemaaktes, enersyds soos die werk van sy hande sal lyk en optree. Die doel? Dat andersyds, die res van die wêreld Hom as die Here sal sien en aanvaar. Die nuutheid moet afgee. Dit moet nie met "sanitizer" afgevryf kan word nie. Dit moet bly vassteek soos 'n halsstarrige virus. Só oortuig moet ons lyk en klink.

Die probleem is egter dat die sestigerjare se regte-pligte-sindroom, selfs as kinders van die Here, so diep in ons psige gewortel is, dat die nuutheid nie so maklik deur Christene afgee nie. Ons kan ure spandeer aan debatte oor wat behoort te gebeur en wat nie. Hoe en hoe nie. Die dominee het dit laas Sondag heel netjies "rasionalisering" genoem toe sy oor Kain se sonde swakheid gepreek het. Jesus beskou dit 'n Goddelike reg vir die wêreld in nood, om te mag aanspraak maak op sy onbegrensde liefde. Dié liefde moet deur ons aan hulle afgegee word. Jesus het 'n onbetwiste passie gehad vir mense met niks. Die uitgerangeerdes. Melaatses, blindes, kreupeles en vreemdes, die honger en dorstiges.

Albei die gepolasiseerde groepe van die jare sestig het met bepaalde filters na "reg en plig" gekyk. Daarom het hulle dodelik van mekaar verskil en kon mekaar nie in die middel vind nie. As hulle kon, sou ons kosbare land vandag anders gelyk het eerder as om in Sharpeville te ontmoet. Cottesloe, die verhaal van die mislukte kerkeberaad, het in 1960 tot hierdie onvermoë bygedra en ons daardie les geleer. Die liefde van Jesus gee moeilik deur filters en maskers af. Dit belemmer ons uitsig én hoe ons gehoor en ervaar word. Mense kan nie ons hart sien nie, daarom sien

hulle ook dikwels nie die hart van Jesus nie. Selfs wanneer ons die liefde van Jesus aan die wêreld moet afgee, onderskei ons tussen regte en pligte. Vir onsself, en vir die ander wat deur ons bedien behoort te word.

Mag Covid-19, wat mense vanuit alle gepolariseerde kante, gemasker teen die meedoënlose aanslag van 'n dodelike virus laat worstel, die filters van ons hart deurbreek. Mag die wêreld ons ware nuutheid ervaar en self nuut word. Sonder ons filter-gedefinieerde regte en pligte. Die "nuwe normaal" gaan vir ons die toets word.